

Woensdag 28

SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 18:1-17

FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 18:5

Silas, die getroue medewerker

Paulus het die wêreldse stad Korinte as 'n baie harde werkplek beleef. Hy spook maande om die Jode in die sinagoge te kersten, sonder om een bekeerling te kan uitwys. Sy werk loop dood teen 'n muur van ongelooft – die ervaring van baie sendelinge.

Tydens hierdie bittere stryd om die evangelie aan die Jode te bring, kom Silas en Timoteus van Masedonië af met goeie nuus van die gemeentes Filippi en Tessalonika se volharding. Hulle bring waarskynlik ook geldelike bydraes vir Paulus se lewensonderhoud saam (Fil. 4:15). Nou kon hy volstoom en ongehinderd sy volle aandag aan die prediking gee en die Jode probeer oortuig.

Let egter op wie is hierdie manne wat Paulus kom ondersteun. Timoteus, die dominee van Efese en sy geestelike kind, asook Silas, sy getroue ou vriend en een van sy beste medewerkers. Hy reis saam met Paulus op die tweede sendingreis toe Paulus met Markus stry gekry het en geweier het om hom saam te neem. Hy was saam met Paulus in Filippi in die gevangenis. Daar het hulle met stukkende lywe in die tronk liedere begin sing. Silas was Paulus se medewerker toe die tronkbewaarder tot bekering gekom het.

Beide hierdie twee manne was stil, getroue manne wat hulle eer daarin gestel het om Paulus in sy dienswerk te help in die uitdra van die evangelie. Veral Silas. As Paulus dan so aangeveg word deur die Jode, stuur die Here vir Silas om Paulus te bemoedig sodat hy hom voltyds, vurig daarop kon toelê om die evangelie onder die Jode te verkondig en die verlossingswerk van Christus kan voortgaan.

Wat ons moet besef, is dat die Here Jesus dikwels aan sy kerk mense gee wat nie in die openbaar met groot vertoon en woorde optree om die evangelie te verkondig nie, maar dikwels manne, vroue en kinders gee wat maar net getrou byderhand is om te bid, te ondersteun en te dra sodat die dominee of evangelisasiekomitee of wie ook al die evangelie moet versprei, genoegsame ondersteuning het. Hierdie manne en vroue is net so belangrik in die kerk soos dié wat die evangelie vir mense moet bring. Dis die man wat in stilheid altyd daar is om die kombi te bestuur as daar uitgereik word met die evangelie onder mense. Dis die vrou wat altyd aanbied om die kos te maak as die uitreikspan van huis tot huis die evangelie aan mense bring.

Sonder die stil, maar getroue ondersteuners en medewerkers in die kerk, kan die predikers nie preek nie. Jou stil, maar getroue dienswerk is onontbeerlik in God se koninkryk.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1**Ds. TJ (Theunis) Potgieter (Port Elizabeth)*